MOORREESBURGSE KORINGBOERE (EDMS) BPK SE VERSEKERINGAFDELING VERWERF SANTAM TOEKENNING

Die Versekeringsafdeling van Moorreesburgse Koringboere (Edms) Bpk het die afgelope jaar puik presteer deur een van die SANTAM toekennings in die versekeringsbedryf in die Wes-Kaap en Boland streke te verower.

SANTAM, die versekeringsreus van Suid-Afrika, se jaarlikse prestige toekenningsgeleentheid het op 24 April 2013 by die Val de Vie Landgoed in die Paarl plaasgevind. Tydens hierdie spoggeleentheid word daar erkenning gegee aan die prestasies van makelarye in die Wes-Kaap en Boland Areas wat onder ‘n aantal dienskantore in die Wes-Kaap en Boland areas resorteer. Die beoordeling vind plaas op grond van die groei en winsgewendheid van die vorige jaar.

Moorreesburgse Koringboere se versekeringsafdeling, met ‘n versekerings-kantoor op Moorreesburg, het puik presteer deur die Brons toekenning te verwerf in die Malmesbury streek.

Dit is beslis ‘n prestasie om op trots te wees.

MKB se versekeringsafdeling (nou deel van die Overberg Agri Groep) diens hoofsaaklik die Landbousektor, Privaat Individue, Besighede en Kommersiële instansies.

Die produkreeks wat die afdeling bemark, bestaan hoofsaaklik uit korttermynversekering, oesversekering, mediese fondse en voorsorgfondse vir werknemers in die landbou.

MKB beskik oor goedopgeleide en toegewyde versekeringspersoneel wat ten volle geakkrediteer is in terme van die FAIS wetgewing.

Voorkeur dienslewering aan polishouers geniet die hoogste prioriteit. Vir enige versekeringsbehoeftes, skakel gerus met enige van die bemarkingspersoneel by die Moorreesburg kantoor.

Moorreesburg – 022 433 8300

Dawie Visser
072 119 4547

Santa Mouton
022 433 8340

Yvonne Tolmay
081 024 7432

Hannelie de Klerk
022-433 8398

Harriet Carstens
082 928 8695

Versekeringspersoneel van Overberg Agri en Moorreesburgse Koringboere (Deel van Overberg Agri) tydens die Santam Toekenningsgeleentheid

Van links af: Albert Myburgh (Overberg Agri), Yvonne Tolmay (MKB), Harriet Carstens (MKB), Abri Dickason (Overberg Agri), Bertus Kloppers (Santam), Arthur Janson (Overberg Agri), CM Augustyn (Overberg Agri)